Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

# Akademiese Geletterdhede aan die US: konseptuele raamwerk



forward together
sonke siya phambili
saam vorentoe

Implementeringsdatum: 3/3/2021

# Akademiese Geletterdhede aan die US: konseptuele raamwerk

| | |
|---|---|
| **Dokument Tipe:** | Riglyne |
| **Goedkeuring:** | Senaat |
| **Goedkeuringsdatum:** | 3/3/2021 |
| **Implementeringsdatum:** | 3/3/2021 |
| **Hersieningsdatum / Hersieningsfrekwensie:** | Soos nodig |
| **Vorige weergawes:** | None |
| **Eienaar[1]:** | Senior Direkteur: Leer- en Onderrigverryking |
| **Kurator[2]:** | Direkteur: Taalsentrum |
| **Sleutelwoorde:** | Academic Literacies |
| **Geldigheid:** | In geval van verskille ten opsigte van interpretasie, word die Engelse weergawe van hierdie reglement as die geldende weergawe aanvaar en die Afrikaanse weergawe as die vertaling. |

[1] Eienaar: Hoof(de) van Verantwoordelikheidsentrum(s) waarin die reglement funksioneer.
[2] Kurator: Administratiewe hoof van die afdeling verantwoordelik vir die inbedryfstelling en handhawing van die beleid.

**Konseptuele raamwerkdokument vir akademiese geletterdhede aan die Universiteit Stellenbosch**
**17 September 2020**

## 1. Doel van die dokument

Die doel van hierdie dokument is:

- om ’n omvattende agtergrond en konseptuele raamwerk met betrekking tot akademiese geletterdhede (AG) te bied, en te verduidelik waarom daar ’n behoefte is aan AG in tersiêre kurrikulums (afdeling 2);
- om die werksomskrywing van AG by te werk (afdeling 3) en na aanleiding van ’n meningsopname (sien bylaag A) die leemtes in AG-aanbiedinge uit te wys, wat die Universiteit en programontwerpers in sowel huidige inisiatiewe as die implementering van nuwe benaderings en praktyke sal bystaan (afdeling 4);
- om op te klaar watter dienste tans beskikbaar is en hoe dié dienste fakulteite in die ontwikkeling van AG ondersteun (afdeling 5), en om die finansiële implikasies uiteen te sit (afdeling 6); en
- om voorstelle te maak oor die pad vorentoe vir fakulteite (afdeling 7).

## 2. Agtergrond

2.1 AG word wêreldwyd en in Suid-Afrika toenemend as ’n noodsaaklike komponent van die formele akademiese hoëronderwyskurrikulum vir sowel voor- as nagraadse studente beskou. Daar is verskeie redes hiervoor:

- AG is onlosmaaklik deel van die eienskappe van graduandi, wat kenmerke soos leergierigheid, kreatiwiteit en kritiese benaderings tot kennis insluit.
- Daar is ’n toenemende siening dat studente in die hoër onderwys nie net in inhoudskennis onderrig moet word nie, maar ook in die verwerwing en oordrag van kennis in ’n akademiese omgewing.
- Skole in Suid-Afrika en elders rus studente nie in gelyke mate (en, in die meeste gevalle, nie voldoende) vir AG toe nie.
- Moderne kommunikasiemetodes verander al hoe vinniger en is alomteenwoordig, neem verskillende vorme aan, en het uiteenlopende vlakke van kompleksiteit.
- Studente kry toenemend met verskillende onderrig-en-leermetodes te doen (van aangesig tot aangesig, gemeng en aanlyn) en het bykomende vaardighede nodig om daaraan deel te neem.

2.2 Die ontwikkeling van AG het ’n prioriteit by die Universiteit Stellenbosch geword, soos wat duidelik blyk uit die toenemende getal fakulteite wat AL as ’n verpligte komponent by hulle studente se graadprogramme insluit. Die volgende beleidsdokumente weerspieël ook die onteenseglike belang daarvan om AG-ontwikkeling by die Universiteit Stellenbosch te integreer:

- Die Universiteit Stellenbosch se Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL, 2002) het riglyne uitgereik oor wat destyds 'generiese vaardighede' genoem is, d.w.s. vaardighede wat vir alle dissiplines vereis word, soos skryf- of inligtingsgeletterdheidsvaardighede.

- Die inligtingsgeletterdheidsraamwerk van die Universiteit Stellenbosch se Biblioteek- en Inligtingsdiens (2014) beskryf die ontwikkeling van studente se inligtingsgeletterdheidsvermoëns op verskillende vlakke. Dit verwoord die algemene beginsels en maniere om inligtingsvaardighede by onderrig en leer te integreer. Samewerking tussen die biblioteek en akademiese en steundienstepersoneel lei tot innoverende programme om inligtingsvaardighede uit te brei.

- SOL se Strategie vir Onderrig en Leer (2017–2021) verduidelik hoe akademiese geletterdheid deel uitmaak van die graduandi-eienskappe van ''n ondersoekende gees' en ''n dinamiese beroepspersoon'. Die strategie verduidelik hierdie konsepte soos volg:

> Die eienskap van ''n ondersoekende gees' vereis ... dat 'n ... student **akademiese geletterdheid** verwerf, wat toepaslike lees- en skryfvaardighede behels; die eienskap van ''n dinamiese professionele persoon' vereis weer dat 'n student **digitale geletterdheid** verwerf, wat impliseer dat toepaslike inligtingstegnologievaardighede bemeester moet word. Die eienskappe van ''n dinamiese professionele persoon' en ''n afgeronde individu' in Suid-Afrikaanse verband verg verder ook bewustheid van die waarde van meertaligheid, 'n waardering vir die taaldiversiteit van die land, en die ontwikkeling van vaardighede in meer as een taal (SOL, 2017:12).


- Die Universiteit Stellenbosch Leer en Onderrig- (USLO-)memorandum aan dekane en visedekane getiteld "The embedding of graduate attributes in the mainstream curriculum" het personeellede 'n geleentheid gebied om aan 'n projek deel te neem om die eienskappe van graduandi by die kurrikulum in te sluit (USLO, 2013).

- Die US se Onderrig- en Leerbeleid (USLO, 2018:7) beklemtoon dat akademiese programme "voortdurend vernuwe word om met die veranderende omgewing en die **kenmerke van US-graduandi** tred te hou, en sodoende graduandi se bydrae tot die Suid-Afrikaanse en globale samelewings sowel as hulle aanstelbaarheid te versterk".

- Die Universiteit se Taalbeleid (USLO, 2016) bied 'n uiteensetting van fakulteite se taalplanne, wat aandui hoe taal in die voorgraadse kurrikulum gebruik word en watter finansiële ondersteuning daarvoor voorsien word.

2.3 Verskeie AG-modules ondersteun AG-verwerwing in die voorgraadse kurrikulum, maar nie soseer in nagraadse programme nie. Nietemin het nagraadse studente tans 'n aantal moontlikhede om AG-steun te ontvang, waarvan sommige gratis is.[1]

Die grafiek hieronder kom uit 'n onlangse opname (2019) oor AG wat onder eerstejaardosente in alle fakulteite van die Universiteit Stellenbosch versprei is. Die grafiek toon die drie maniere waarop AG-ontwikkeling voorsien kan word, en beeld die verspreiding van die Universiteit se huidige aanbiedinge uit.





**3. Werksomskrywing van akademiese geletterdhede**

Die werksomskrywing van AG wat die taakgroep vir die doel van hierdie konseptuele raamwerk ontwikkel het, lui soos volg: 'Akademiese geletterdhede' bestaan daaruit om die vereiste dissiplinêre diskoersvaardigheid* aan die dag te lê vir sukses in die hoër onderwys in teks-, **digitale, visuele, gebare-, ***syfer- en ****ander vorme.

Die inligtingsgrafiek hieronder beeld die werksomskrywing van AG uit wat in hierdie dokument gebruik word. Dit is ook beskikbaar as 'n interaktiewe pdf-dokument op My.SUN.ac.za, wat gebruik kan word om die werksomskrywing te verduidelik of oor te dra. Meer inligting oor die verskillende vorme van AG volg in die teks onder die inligtingsgrafiek.

[1] Sien http://www.sun.ac.za/english/research-innovation/Research-Development/workshops.




*'Akademiese diskoers' beklemtoon hoe taal gebruik word, maar behels ook waardes en houdings, ideologie, en die manier waarop AG deur sosiale klas en biografie beïnvloed word (Gee, 1992).

**'Digitale geletterdhede' is 'n stel onderling verbonde elemente wat insluit, dog nie beperk is nie tot, datageletterdheid, mediageletterdheid, kommunikasie en samewerking, digitale identiteit, akademieskap, innovasie en kreatiwiteit, inligtingsgeletterdheid en inligtingstegnologievaardigheid. Hierdie omskrywing van digitale geletterdhede erken die interafhanklikheid van alle elemente, en die oorvleueling tussen inligtings-en-kommunikasietegnologievaardigheid en elk van die ander elemente (La Trobe-universiteit, 2015).

***'Syfergeletterdhede' word beskryf as "'n 'denkgewoonte', vaardigheid en gemaklikheid om met syferdata te werk … die vermoë om te redeneer en kwantitatiewe probleme in 'n wye verskeidenheid outentieke omgewings en daaglikse lewensomstandighede op te los", om "gesofistikeerde argumente wat op kwantitatiewe bewyse berus" te verstaan en te skep, en om "daardie argumente in verskeie vorme te kommunikeer (deur middel van woorde, tabelle, grafieke, wiskundige vergelykings, ensovoorts, soos toepaslik)" (Vereniging van Universiteit- en Navorsingsbiblioteke, 2014).

****'Ander vorme' sluit byvoorbeeld kritiese en inligtingsgeletterdheid in. Kritiese geletterdheid beklemtoon die waarde van AG om kritiese denke in die hand te werk, wat vereis word vir akademiese praktyke wat suksesvolle funksionering in die werkplek bevorder en die ontwikkeling van burgerskap in 'n demokratiese samelewing fasiliteer. Inligtingsgeletterdheid word omskryf as:

> "'n repertorium van begrippe, praktyke en ingesteldhede met die klem op buigsame omgang met die inligtingsekosisteem, met kritiese selfbesinning as onderbou. Die repertorium behels die opsporing, beoordeling, vertolking, bestuur en gebruik van inligting om vrae te beantwoord en nuwe vrae te ontwikkel, en om nuwe kennis te skep deur eties aan gemeenskappe van leer,

akademieskap en praktyk deel te neem" (Vereniging van Universiteit- en Navorsingsbiblioteke, 2014).

Wanneer studente AG beoefen, is sommige van of ál hierdie elemente betrokke.

## 4. Moontlike benaderings vir die Universiteit Stellenbosch

’n Aantal leemtes in die Universiteit Stellenbosch se huidige AG-aanbiedinge is gedurende die opname van Augustus 2019 uitgewys. ’n Oorsig van die belangrikste leemtes wat aan die lig gekom het, verskyn hieronder:

- Sowel *hindernisse* as *instaatstellers* dui daarop dat die klem (wat AG betref) tans op teks- en kritiese geletterdheid val, en nie soseer op digitale geletterdheid nie, al word digitale geletterdheid as een van die drie belangrikste AG-kategorieë beskou. Te oordeel na wat dosente sê hulle reeds doen, doen hulle egter wél moeite met digitale geletterdheid.
- Daar bestaan ’n leemte wat kritiese AG betref.
- Terugvoer oor instaatstellers en hindernisse ondersteun die gedagte van groter samewerking in AG-onderrig – veral tussen AG-spesialiste en dissiplinêre spesialiste. Dít is in teenstelling met wat (volgens die grafiek) reeds die verstekmetode in fakulteite is. Nietemin vind ’n mate van samewerking tussen die Taalsentrum, biblioteekpersoneel en fakulteite plaas.

Daar is ’n aantal oogpunte waaruit AG in fakulteite bevorder kan word. Dit sluit die volgende in:

### 4.1 Leergerig

4.1.1 Steun vir die verwerwing van AG strook met die dissiplinêre diskoersvaardigheid wat studente nodig het om sukses in ’n bepaalde program te behaal.

4.1.2 Steun vir die verwerwing van AG word aan alle studente in alle programme voorsien.

4.1.3 Die Universiteit voorsien in die spesifieke behoeftes van sekere groepe studente wat toelating ontvang het, soos studente wat vir ’n Verlengde Graadprogram ingeskryf is, internasionale studente en/of geïdentifiseerde studente met bykomende taalbehoeftes.

4.1.4 Die benadering bied studente die geleentheid om oor die kenmerkende vorme en gebruike van AG *te leer*, sowel as verskeie geleenthede om dit *te beoefen*.

### 4.2 Buigsaam

4.2.1 Die benadering is buigsaam en konteksgevoelig, wat impliseer dat dit verskillende vorme sal aanneem na gelang van verskeie kontekstuele aspekte.

4.2.2 Fakulteite of departemente kies, in samewerking met verskeie steuneenhede, die ontwerp en fokus wat die beste by hulle programme, die dissiplines en die studievlak pas, op grond van AG-navorsing en tersaaklike beste praktyk.

4.2.3 Die benadering bou voort op die moontlike sterkpunte van die onderrig-en-leeromgewing, waaronder die sterkpunte van die akademiese personeellede in fakulteite en steuneenhede.

### 4.3 Samewerkend

Multidissiplinêre samewerking vind plaas tussen verskillende rolspelers wanneer nuwe programme ontwerp of bestaande programme beoordeel word (akademici/dissiplinêre spesialiste, biblioteek, Taalsentrum, Sentrum vir Onderrig en Leer, Sentrum vir Leertegnologieë en gemengdeleerkoördineerders of gelykstaande rolspelers in fakulteite).

### 4.4 Stelselmatig

4.4.1 Steun vir AG behoort deel uit te maak van die ontwerp van ’n program en gereelde hersieningsprosesse.

4.4.2 Hierdie benadering moedig gesprek en eenstemmigheid oor AG op ’n program-, departementele en fakulteitsvlak aan met betrekking tot:

a) alle vorme van AG (teks, digitaal, visueel, gebare, syfer en ander);
b) dissiplinespesifieke akademiese gebruike;
c) hoe, wanneer en waar AG ontwikkel en bevorder word; en
d) algemene kwessies soos verwysingstegnieke, akademiese stem, oorspronklikheid/plagiaat en die gebruik van Turnitin.

(Hoewel dit voordelig is vir studente om soortgelyke boodskappe oor AG van verskillende bronne te ontvang, is dít nie altyd haalbaar nie, want gebruike kan tussen dissiplines verskil.)

## 5. Ondersteuning

Verskeie afdelings of departemente bied ondersteuning met die ontwerp of lewering van AG-intervensies. Baie universiteite beskou dit as beste praktyk om hierdie ondersteuning in groter, multidissiplinêre ontwerpspanne te voorsien. Die volgende dienste by die Universiteit Stellenbosch bied AG-steun:

- Taalsentrum
- Biblioteek- en Inligtingsdiens
- Sentrum vir Leertegnologieë (SUNLearn en ander platforms)
- Sentrum vir Onderrig en Leer
- Departement Inligtingwetenskap
- Afrika Doktorale Akademie
- Gemengdeleerkoördineerders

## 6. Finansiële implikasies

6.1 Hoewel bykomende finansiering vereis kan word vir innovasie om die AG-aanbod uit te brei, behoort dit as deel van die gewone programaanbod beskou te word, en nie as ’n toevoeging nie.

6.2 AG-modules word binne die algemene dienskursusformaat aangebied en dienooreenkomstig gefinansier. Ander dienste is gratis, soos Skryfsentrumkonsultasies, advies, samewerkende navorsing en beoordeling, opleiding en navorsingsteun. ’n Leeslaboratoriumprogram is nou ook beskikbaar om leesspoed te verhoog en begrip te verbeter. Die Universiteit subsidieer al hierdie programme.

6.3 Die Universiteit kan ontwikkelingsaktiwiteite finansieel ondersteun, byvoorbeeld deur die Fonds vir Innovasie en Navorsing in Leer en Onderrig (FINLO) uit te brei, wat akademici ook in staat sal stel om ander universiteite te besoek om oor beste praktyk te leer of AG-konferensies by te woon.

**7. Aanbevelings en pad vorentoe**

7.1 Die inhoud van hierdie konseptuele raamwerkdokument is deur die Komitee vir Leer en Onderrig goedgekeur en by die Senaat aanbeveel.

7.2 Hierdie dokument sal onder "Beleide en regulasies" op die Universiteit Stellenbosch se webtuiste verskyn, sowel as op die Taalsentrum se webblad.

7.3 Fakulteite behoort in samewerking met die tersaaklike steunafdeling(s) oorweging te skenk aan fakulteitspesifieke riglyne om AG in die Universiteit se onderrig-en-leerprogramme te ontwikkel, met verwysing na die "insluiting van die eienskappe van graduandi by die hoofstroomkurrikulum" (USLO, 2013).

7.4 Die fakulteitspesifieke riglyne behoort jaarliks by die Komitee vir Onderrig en Leer ingedien en bespreek te word.

7.5 Die inhoud van hierdie konseptuele raamwerkdokument behoort in ag geneem te word in die hersiening van die institusionele Onderrig- en Leerbeleid.

**8. Bronnelys**

Biblioteek- en Inligtingsdiens. 2014. *Information literacy training framework* [Intyds]. Beskikbaar: https://library.sun.ac.za/SiteCollectionDocuments/training/Info%20literacy%20training%20framewrk%20(30%20Sept%202014)%20-%20trackd%20changes%20accepted.pdf [2020, Mei 6].

Gee, J. 1992. *The social mind: Language, ideology and social practices*. New York: Bergin & Garvey.

La Trobe-universiteit. 2015. *Skills for a digital world digital literacies framework* [Intyds]. Beskikbaar: https:// www.latrobe.edu.au/ __data/assets/pdf_file/0005/995963/digital-literacies-framework.pdf [2019, Maart 21].

Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL). 2002. *Strategie vir onderrig en leer 2002–2004.*

Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL). 2017. *Strategie vir onderrig en leer 2017–2021* [Intyds]. Beskikbaar: https://www.sun.ac.za/afrikaans/learning-teaching/ctl/Documents/STRATEGIE%20VIR%20OL%202017-2021.pdf [2020, Mei 6].

Universiteit Stellenbosch Leer en Onderrig (USLO). 2013. *The embedding of graduate attributes in the mainstream curriculum* [Intyds]. Beskikbaar: http://www.sun.ac.za/english/learning-teaching/ctl/Documents/Embedding%20Graduate%20Attributes.pdf [2020, Mei 6].

Universiteit Stellenbosch Leer en Onderrig (USLO). 2016. *Taalbeleid* [Intyds]. Beskikbaar: https://www.sun.ac.za/english/Documents/Language/Finale%20Junie%20Taalbeleid%20November%202016.pdf [2020, Mei 6].

Universiteit Stellenbosch Leer en Onderrig (USLO). 2018. *Onderrig- en Leerbeleid* [Intyds]. Available: https://www.sun.ac.za/afrikaans/learning-teaching/ctl/Documents/Onderrig-Leerbeleid%202018.pdf [2020, Mei 6].

Vereniging van Universiteit- en Navorsingsbiblioteke. 2014. *Framework for information literacy for higher education* [Intyds]. Beskikbaar: https://alair.ala.org/handle/11213/8657 [2019, November 15].

## Bylaag A

## Opsomming van antwoorde in ’n opname van Augustus 2019

### *Watter bestaande aktiwiteite in jou eerstejaarmodules help studente akademiese geletterdhede ontwikkel?*

(Totale getal antwoorde: 41)

| AG-kategorie | Getal antwoorde |
|---|---|
| Teks- (lees- en skryf-)geletterdhede | 31 |
| Digitale geletterdhede (wat insluit inligtings-, inligtings-en-kommunikasietegnologie-, data- en mediageletterdhede) | 31 |
| Digitale vermoëns (waaronder kommunikasie, samewerking en deelname; leervaardighede; innovasie en kreatiwiteit; digitale akademieskap; loopbaan- en identiteitsbestuur) | 31 |
| Mondelinge (gesproke) geletterdhede | 20 |
| Visuele geletterdhede | 18 |
| Syfergeletterdhede | 17 |
| Kritiese geletterdhede | 24 |

### *Watter uitdagings ondervind jou studente met akademiese geletterdhede op eerstejaarvlak?*

Lees, begrip en kritiese denke

### *Op grond van jou antwoorde op die vorige twee vrae, watter van die akademiese geletterdhede wat hierbo gelys word, beskou jy as die belangrikste vir jou eerstejaars, en waarom?*

Drie akademiese geletterdhede word uitgelig, naamlik kritiese, digitale en tekstuele geletterdhede, met krities wat as die heel belangrikste onderstreep word.

### *Wat is die instaatstellers vir die ontwikkeling van akademiese geletterdhede in jou omgewing?*

| |
|---|
| Samewerking tussen dissiplinêre personeel en AG-spesialiste (Taalsentrum) |
| Tutoriaalsessies |
| Toegewyde AG-kursusse, soos begripsvaardighede |

| |
|---|
| Dosente en tutors |
| Gereelde en tydige terugvoer |
| Vloei van die kurrikulum |
| Bevoegde biblioteekpersoneel |
| SUNLearn |
| Tegnologie |
| Rekenaargebruikerareas |

***Wat is die hindernisse vir die ontwikkeling van akademiese geletterdhede in jou omgewing?***

| |
|---|
| Groot klasse |
| Uiteenlopende studentevermoëns |
| Ongestruktureerde en implisiete onderrig van AG |
| Tydsbeperkinge |
| Finansiering vir tutors (groot klasse) |
| Onvanpaste lesingfasiliteite |
| Studente se eie infrastruktuur en finansiële beperkinge |
| Studente se gebrekkige begrip van die belang van AG |
| Gebrek aan samewerking tussen AG-spesialiste en dissiplinêre spesialiste |
| Tegnologiesteun vir lisensies en apparatuur |
| Dosente se gevoel van ontoereikendheid om gespesialiseerde vaardighede te onderrig |
| Impak van sosiale media op gehalte van studenteskryfwerk |